# Ontkenning Werkkaart

**Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm/negatief.**

1. Susan is op 18 Januarie 1999 gebore.

2. Bly asseblief stil!

3. My huiswerk was drie bladsye vol.

4. Johannes het al baie hard geleer vir sy toets.

5. Sy het as kind begin liedjies skryf.

6. Koop vir my sjokolade!

7. Sy wil altyd 'n mooi rok vir haar verjaardag hê.

8. Sy geniet dit altyd om boeke te lees.

9. Hulle gaan êrens met vakansie.

10. Die kinders maak elke dag hulle beddens op.



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

**Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm/negatief. Begin so: Nee, ______.**

1. Het jy al jou huiswerk gedoen?

______________________________

2. Weet jy dat haar ma 'n dokter is?

______________________________

3. Het julle al ooit so 'n goeie kunstenaar gesien?

______________________________

4. Gaan jy nog vir haar 'n roos gee?

______________________________

5. Wil jy saam met my gaan fliek?

______________________________

6. Kan jou pa die volkslied sing?

______________________________

7. Sal jy my help met my huiswerk?

______________________________

8. Leer julle elke dag hard vir die toets?

______________________________

9. Het Sindy alreeds haar kamer opgeruim?

______________________________

10. Het jy iets om vir Juffrou as geskenk te gee?

______________________________



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS